

5 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 3:1-4:1a

Die roeping van Samuel

Die Here roep Samuel in die nag. Waarom? Waarskynlik vanweë die nagdonker-toestand by die heiligdom as gevolg van die sonde van Hofni en Pinehas. Hofni beteken "klein vuisie", maar sy klein vuisie het 'n brutale vuis geword om die Wet van God weg te slaan. Pinehas beteken "kopermond", maar sy kopermond het God se Woord doodgeskreeu. En Eli versuim sy plig! Geen wonder dat die Woord van die Here in daardie dae maar skaars was nie (3:1).

Daarom roep die Here vir Samuel. Omdat die Here nog nie vantevore aan Samuel verskyn het nie, moet die Here hom vier keer roep voordat hy met kinderlike geloof sê: "Praat, Here, u dienaar luister." En toe hy die vreeslike boodskap verneem wat hy vir Eli moet sê (11-14) - wat het hy gedoen? Soos Moses teëgepraat? Soos Jona weggevlug? O nee! Hy het in gehoorsaamheid sy profetiese opdrag van die Here uitgevoer (18). En omdat ons hierdie gehoorsaamheid van Samuel om die Woord van die Here onbevrees te spreek dwarsdeur sy lewe sien, was dit vir die volk duidelik dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here (3:20,21).

In 'n tyd waarin gehoorsaamheid 'n skaars artikel in die wêreld geword het en waarin die vuiste van 'n Hofni doodslaan en die vuil mond van 'n Pinehas laster, roep God vir jou en my om - deur die krag van die Heilige Gees - soos 'n Samuel profeties te getuig. Ons is daartoe in staat deur Christus wat ons krag gee (Fil 4:13 OAV)).

Sing: Skrifberyming 43:2,4

Dr CJ Malan (Emeritus)